



GEAFFILIEER BY
DIE FEDERASIE VAN
RAPPORTRYERSKORPSE

TELEFOON (012) 64-3138

DIE RAPPORTRYERSKORPS

VAN BAKENKOP

ADRES Georgeweg 20

ELDORAIKNE, Verwoerdburg 0157

DATUM 25 Mei 1992

Die Voorsitter
KODESA

Geagte meneer,

GEBRUIK VAN AFRIKAANS AS AMPTELIKE TAAL BY KODESA

- 1 Daar is vanuit verskillende oorde met misnoeë kennis geneem dat die gebruik van Afrikaans as een van die amptelike tale in die RSA, nie sy regmatige plek met onderhandelinge by KODESA inneem nie.
- 2 Na wat verneem was en dit is algemeen bekend, was Afrikaans nie by een van die werksgroepe gebesig nie. Afrikaans het ook nie sy regmatige plek d.m.v. kennisgewings en aanwysings geniet nie. Die vraag is onwillekeurig dat alhoewel Afrikaans wel af en toe by KODESA se hoof werksaamhede gebesig was, waarom dan ook nie tydens die werkgroepe en op ander plekke (kennisgewings, e.d.m.) nie.
- 3 Die uitgangspunt moet tog wees dat alle onderhandelaars is SA burgers en Afrikaans en Engels is die RSA se twee amptelike tale. Al praat sodanige teenwoordigers dan nie almal Afrikaans nie, moet almal dit beslis verstaan.
- 4 Hierdie Korps is van ernstige mening dat die RSA beskik oor doeltreffende en genoegsame taalfasiliteite wat tydens onderhandelinge in gebruik gestel kan word. Die onderhandelinge is vir die RSA van sulke ernstige belang, dat dit na mening absoluut noodsaaklik is dat die Staat ook sulke belangrike taalfasiliteite daar moet stel om te verseker dat:
 - (a) Alle onderhandelaars hom of haar in eie taal kan uitdruk; en
 - (b) vertolking reg laat geskied.

5 Die Korps beveel dus ten sterkste aan dat ernstige aandag verleen word aan die regmatige gebruik en plek van Afrikaans met die voortsetting van KODESA.

6 Graag word u antwoord in hierdie verband verneem.

Die uwe



VOORSITTER